# <u>Sondag 20 Oktober 2022</u>

Welkom

Ek het vanoggend ‘n leer saamgebring. Ek het dit goedgedink om dalk dan maar met ‘n paar “flou grappies” te begin oor die leer. Soos:

- Wat noem jy ‘n man wat in ‘n boom sit? ‘n Takbestuurder/ Branch Manager
- Die een leer vra vir die ander leer, wat maak jy? Die leer antwoord dat hy besig is om te leer. Die leer wat besig wat om te leer vra toe vir die ander leer hoekom hy vra. En hy antwoord hom, ek wou step UP kyk.

Daar is ‘n gedagte wat sê, jy kan nie ‘n leer klim, terwyl jy jou hande in jou sak het, het nie.... Dit sal bietjie moeilik wees. Ek dink vir veiligheid doeleindes sal ek dit liewer nie probeer nie. Ek wil egter steeds al die maatjies, die jongspan vorentoe nooi om hier by my te kom sit.

Ons gaan vanoggend vanuit die Bybel lees oor een van my gunsteling Bybel karakters. Ek wonder of julle kan raai wie hy/sy is? Ek het vir julle ‘n clue, dit is iemand wat baie kort was?

Dit is Saggeus. Wat kan julle vir my vertel oor die verhaal van Saggeüs,

Ons gaan lees vanuit Lukas 19. Ek het vir een van ons Graad 2 dogters (Lienke Peenz) gevra of sy vir ons die teks kan lees. Kom ons kyk gou op die bord na hoe sy lees:

1. Jesus het in Jerigo gekom en was op pad deur die stad.
2. Daar was 'n man met die naam Saggeus, die hooftollenaar, 'n ryk man.
3. Hy het geprobeer om Jesus te sien, maar weens die skare kon hy nie, omdat hy te kort was.
4. Hy hardloop toe vooruit en klim in 'n wildevyeboom om Jesus te kan sien, want Hy sou daar verbygaan.
5. Toe Jesus by die plek kom, kyk Hy op en sê vir hom: "Saggeus, kom gou af, want Ek moet vandag in jou huis tuis gaan."
6. Hy het toe gou afgeklim en Jesus met blydskap ontvang.
7. Almal wat dit gesien het, het beswaar gemaak en gesê: "Hy gaan by 'n sondige man tuis!"
8. Maar Saggeus het opgestaan en vir die Here gesê: "Here, ek gaan die helfte van my goed vir die armes gee, en waar ek iets van iemand afgepers het, gee ek dit vierdubbel terug."
9. Daarop sê Jesus: "Vandag het daar redding vir hierdie huis gekom; ook hierdie man is 'n kind van Abraham.
10. Die Seun van die mens het immers gekom om te soek en te red wat verlore is."

Ons lees van Saggeüs ‘n hele paar goed, ons lees dat Saggeüs baie kort was. Wie van julle is baie kort? Dit is sleg om kort te wees, behalwe tydens foto dag, dan kan jy heel voor staan en langs juffrou sit. Jy kap ook nie jou kop so baie soos Ds. Toy Story nie. En omdat Saggeüs so kort was, kon hy nie tussen al die mense vir Jesus sien nie. En so besluit Saggeüs om ‘n blink blink plan te maak, hy wil so graag vir Jesus sien, dat hy kies om in die wildevye boom te klim. (Klim op met leer)...

En toe stap Jesus verby....... En Jesus stop toe by die boom... en Nou wil ek vir julle ’n super moeilike vraag vra, wie het vir wie raakgesien? Het Saggeüs vir Jesus gesien of Jesus vir Saggeüs? Kom ons gaan kyk weer in die Bybel. Daar staan in vers 4 en 5,

4. Hy hardloop toe vooruit en klim in 'n wildevyeboom om Jesus te kan sien, want Hy sou daar verbygaan.
5. Toe Jesus by die plek kom, kyk Hy op en sê vir hom: "Saggeus, kom gou af, want Ek moet vandag in jou huis tuis gaan."

Jesus sien vir Saggeus raak. Dit is vir my een van die mooiste goed in die hele Bybel, want dit is waar vir my en jou ook. Jesus sien vir ons ook raak. Hoekom? Want hy is lief vir elkeen van ons. Jesus kyk vir ons nie met kwaai oë soos 'n skoolhoof nie, of met oë van iemand wat ons wil uitvang of kwaad is vir ons nie. Nee hy kyk met Liefdes oë na ons. Ons elkeen wil so graag raakgesien word, en dit maak ons hartjie seer wanneer mense ons afskeep, of vermy, of lelik is met ons, maar die mooi ding is dat Jesus na ons kyk. En dat hy soos hy hier met Saggeus maak, vir ons sê, jy is een van my favorites, ek wil graag in jou huis gaan woon. Ek wil graag by jou wees.

Dalk ken van julle maatjies die liedjie van Jan de Wet wat gaan oor Saggeus.

- Speel liedjie: Saggeus (Jan de Wet)

Saggeus was 'n klein klein man…. Maar Jesus sê Saggeus kom, en wil by jou woon

Gebed: Jesus dankie dat ons kan weet, U sien ons raak, nog voordat U ons kan sien. Dankie dat U in ons hartjie woon. Help ons, ons wat baie keer ook so klein soos Saggeus voel, ons wat nie altyd lekker kan sien, of raakgesien kan word nie, om ook soos Saggeus slim slim planne te maak elke dag. En dankie dat U met daardie groot liefdes oë na ons elkeen kyk. Amen

- Die voorskoolse maatjies kan gerus vir Kleuterkerk verdaag. Ek het gehoor julle gaan die wildevye boom gaan klim wat hier op ons kerkgebou is. (Speel dalk weer liedjie)

Ons het nou lekker met die jongspan oor Saggeus gesels, maar die uitdaging is dat hierdie bekende "kinder" verhale, nie net kinder verhale bly nie. Dit is aanvanklik nie vir Kleuterkerk geskryf nie, maar vir ons. Vir volwassenes. Vir mense wat sukkel met die lewe. Lank terug was hierdie verhaal nie geskryf om oulik, mooi, cute te wees nie. Die uitdaging is hoe kan ons verseker dat die verhale van Adam, Eva, Noag, Moses, Simson, Dawid, Naomi, Rut, Jona, Marta, Maria ens ons ook help wanneer ons ouer word.  Ek wil jou graag vanoggend in die verhaal innooi, en ek hoop iewers sal iets van die verhaal met jou vandag, hier, nou resoneer.

Die Bybel is aanvanklik geskryf sonder hoofstuk en vers nommers, en daarom is dit vir my so mooi dat ons in Lukas 18 (die voorafgaande gedeelte) lees van Jesus wat die blinde man help sien, en weer hier in Saggeus se verhaal leer ons oor "sien". Ons lees ook 'n gesprek het met die ryk jong man, waar die rykdom hom juis weghou vanaf 'n gesonde verhouding met God, en ons lees baie dieselfde van Saggeus.

Daar is die gedagte wat sê. You can climb the ladder of success, but just make sure it is leaning against the wright wall.

En so skree die wêreld mos vir my en jou elke dag. Hoër ! Vinniger! Verder! Vorêntoe! Dit is nie genoeg nie, jy kort meer! Jy is te stadig! Jy mors jou tyd! Jy doen nie genoeg nie. Jy is nie goed genoeg nie. Niemand sien jou werk raak nie.  En so klim en klim en klim ons, net om dikwels agter te kom dat ons alleen klim, dat ons mense vir wie ons lief is agtergelaat het, dat ons dinge wat belangrik is agtergelaat het, en ek dink die grootste ontugtering is dat daar nie noodwending 'n bopunt is nie. Daar is altyd iemand wat meer het, iets wat jy nog moet kry of doen.

- (Die leer van suskes in my loopbaan- totdat my familie my nie meer ken nie)
- (Die leer van sukses in my oefening- totdat ek my liggaam aanbid)
- (Die leer van sukses in my mag- totdat ek almal rondom my uitskuif)

So lees ons van Saggeus wat die leer van "sukses" geklim het. Hy was nie net 'n tollenaar nie, maar die hoof tollenaar. Dus het hy nog tollenaars gehad wat onder hom gewerk het. En Tollenaar was nie gesiene mense in die gemeenskap nie. Hulle was liewer gehate mense in die gemeenskap. Die ekwivalent van vandag se "loan sharks". Die probleem met Tollenaars is dat hulle hul eie koers kon opmaak. Hulle het jou so gekyk, en dan opgrond daarvan besluit hoe baie hul jou sal belas. Daar was nie 'n vaste koers nie. Sommige mense vermoed dat behalwe die feit dat Saggeus kort was, sou mense ook nie vir hom plek wou gee om Jesus te sien nie, want hy het nie gehou van die Tollenaar nie...

Maar so, kies Saggeus om ook vir hierdie Jesus figuur te sien. En Saggeus, deur in die boom te klim, neem die eerste stap. En die eerste stap is die moeilike stap. The first step is always the hardest. Die eerste oggend van vroeg opstaan is altyd die moeilikste. Die eerste jammer sê is die moeilikste. En so weet ons wat Saggeüs gedoen het om Jesus te sien. Sy eerste groot tree. En ek wonder sommer, want so dikwels hoor ek van mense wat bely, ek lees nie genoeg Bybel nie? Ek bid nie genoeg nie? Ek kom nie baie kerk toe nie? Ek maak nie tyd vir God nie. Ek kom nie by my selgroep uit nie? En ek wonder wat is die eerste tree wat jy moet gee. Want heelweek is jy besig om te klim en klim en klim, maar wat is nou regtig belangrik. As dit vir jou werklik belangrik is, gee die eerste tree, staan van môre af 30 minute vroeër op en ek glo binnekort is dit 'n gewoonte en jy begin die beste deel van jou dag met God. Maar soos ons weet, kies Saggeüs om in 'n boom te klim

- Ek wonder sommer, vertel gou vir die persoon langs jou, wanneer laas het jy in 'n boom geklim?

Wie klim in bome? Kinders klim in bome. Ons lees dat vandat Saggeüs die eerste stap gegee het om in die boom te klim is sy lewe nooit weer dieselfde nie. Saggeüs word as te ware weer 'n kind. En kinders het nie pretensies nie, kinders het nie ego's nie, kinders het net die behoefte omgesien te word en om te sien. Saggeüs was 'n klein klein man, toe maak hy 'n GROOT GROOT plan. Hierdie groot plan is egter om weer 'n kind te word. Grootmense het min vrae maar baie antwoorde. En kinders weet hoe afhanklik hulle van hul Vaders is. Ons lees in:

Deuteronomium 7:7 "Die Here het jou nie liefgekry en gekies omdat jy groter was as die ander volke nie, jy was die kleinste van almal. Niks van jou grootheid of status maak dat God meer of minder van jou hou nie.

Stephan Joubert skryf: Ek het gehoor, ons het maar so grootgeword.. maar nou beleef ek dat God se kinders kleiner moet groei. Ons moet agteruit grootword. Egte groei vir Jesus se dissipels gebeur agterstevoor. Groei maak ons kleiner. Dit maak ons broos. Dit maak dat ons weer in onbelangrike, eenvoudige dingetjies vreugde vind. Dit maak ons naïef en sorgvry. Dit maak dat ons nie meer groot ego's in stand hoef te hou wat "gevoer" moet word deur vleitaal, aandag komplimente, titels, posisies en besittings nie. Wanneer ons naby Jesus loop dan groei ons kleiner en ander mense rondom ons groter.

Dit gaan oor kleinwees in sy nuwe aardse familie. In sy familie verloor groot en onpersoonlik elke keer. Klein triomfeer. God se groei program vir sy aardse familie is agteruit. Dit gaan oor kind word en kindwees voor Hom en tussen ander. Dit gaan oor nuwe kinderharte in elke dissipel. Of soos die gedagte lees *Small is the new big and tall...*

En in 'n mate word Saggeus hier klein, want hy gee nie om wat mense dink van hom in die boom nie. Dikwels wanneer jy kies om vir Jesus te volg, moet jy ophou om te dink aan wat mense van jou dink . Dit gaan veel eerder oor wat God van jou dink. Hy word klein deurdat hy vir Jesus na sy huis toe neem, want daar sal Saggeus sekerlik die gas wees en Jesus die gasheer. Hy word klein deurdat hy

belowe in vers 8- "Here, ek gaan die helfte van my goed vir die armes gee, en waar ek iets van iemand afgepers het, gee ek dit vierdubbel terug."

Saggeus weet daar is nog tyd vir jammer sê, tyd vir regmaak, tyd vir verhoudings herstel, tyd om die hulpbronne wat hy het te gebruik. Saggeus besef die leer wat hy al die jare geklim het, wat hy dink hom so gelukkig gaan maak, is 'n valse leer. Een wat nie ware geluk om vrede bring nie. En deur die boom te klim, los hy aste ware sy vorige lewe op die grond- en ontmoet hy die ware bron van die lewe.

- It doesn't matter how many resources you have, if you don't know how to use them, it will never be enough.

Maar Lukas 19 gaan volgens my nie oor Saggeüs se geloof (hoe groot of klein ook al) nie. Nee dit gaan oor wie Jesus is. Wie hy as mens is. Hy wat nog altyd op 'n sekere manier na Saggeüs gekyk het. Ja, sekerlik het Saggeüs hom teleurgestel. Sekerlik wou hy soms sy oë toedruk vir dit wat hy sien, of sy ore toedruk vir dit wat hy hoor, maar tog Sien Jesus hom eerste. Jesus sê vir hom, by jou wil ek eet. En dan verklaar Jesus in sy eie huis. Vers 9- "Vandag het daar redding vir hierdie huis gekom; ook hierdie man is 'n kind van Abraham.

Saggeüs is nie gered omdat hy nuuskierig was en die boom geklim het nie. Ook nie omdat hy begin regmaak en teruggee het nie. Hy is gered omdat God se genade vir alle mense bedoel is.

En dan is daardie vers wat Jesus se hele bediening saamvat:

10. Die Seun van die mens het immers gekom om te soek en te red wat verlore is

Die hartseer ding is dat terwyl ons die leer van sukses klim. Terwyl ons hoër, verder, vinnger, ryker wil wees, terwyl ons klim klim klim, is Jesus eintlik op pad af. En ek wonder, of ons dikwels nie in die klim vir hom mis wat op pad af is nie. Want eintlik trek ons in verskillende rigtings en wanneer jy in die leer van die lewe klim kyk jy net op. Jesus het homself nie verhewe bo dier mense beskou nie, maar het gekies om die gestalte van 'n slaaf aan te neem (Filippense 2). Jesus is op pad af en hy woon nie net in Saggeüs se huis nie, maar in ons huise. in ons harte. Jesus se asteware vir ons ook "Ek gaan saam met jou huis toe"... Ek gaan saam met jou werk toe. Ek skryf saam met jou eksamen. Ek maak saam met jou hierdie besluit. Ek kyk saam met jou televisie. Ek oefen saam met jou.

Saggeüs: Die klein man ontmoet die GROOT plan. Die plan waar jy weet ek word gesien, ek hoef nie meer so te leef nie. Die leer van sukses lyk vir my anders.

- Gebed

Seënbede:

Jesus kyk graag sondaars heel

Hy kyk verlorenes gered

Hy kyk dooies lewend

Hy kyk vir Simson en Saggeus raak.

Hy kyk 'n nuwe Genesis raak vir elkeen wat 'n slegte Eksodus beleef

Jesus kyk mense reg raak

Hy kyk hulle reddend raak

Hy kyk hulle met ontferming en vergifnis raak

Dit is die kyk wat onsself moet baasraak.